Ps. 42: 1, 3 — Die Ou en d. Nuwe Mens. — I Potch K. 13. 5. 56.

Ges. 32: 4 — III Totale Bedorwenheid v.d. Ou Mens.

" 33 : 1, 6. — (Kol. 3: 1–11 of) Efese 4: 17–30.

Efese 4: 22 – Dat julle, wat d. vorige lewenswandel betref, die ou mens moet aflê wat deur d. begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan.

Eerste aand gewys op d. spanning i/d lewe v.d. Xten – die ontdekking van 'n inn. stryd wat word sy lewe lank tussen God en Satan, goed en kwaad, nuwe en ou mens. Gesien dat d. grondoorsaak h/v gelê is i/d spanning opgesluit i/d skepping – begin toe Satan d. gesag v. God uitgedaag het, met d. hemel gebou is en alles gedoen het om d. werk v.d. Skepping te verwoes. Geslaag in sovere dat ook d. eerste mensepaar d. prooi geword het v.d. sonde. D/deur d. mensl. natuur so verdorwe dat ons almal in sonde ontvang + gebore word.

Die sonde dus nie beperk gebly by d. eerste mensepaar nie; nie opgehou by d. grense v.d. paradys nie – nee: almal i/d val meegesleur en ingesuig (soos skip wat vergaan alles rondom nissig in d. suigkrag v. sy sinking). Dié sonde het ons nie net aangetas, beskadig, verswak nie, ons kleine besoedel of 'n deel v. ons lewe verongeluk nie (soos siekte wat net deel v.d. liggaam raak nie) – nee, deel geword v. ons hele bestaan (soos siekte in bloedstroom). Ons moet nie vergeet nie: d. sonde neem nie halwe maatreëls nie – tas alles aan, ons hele lewe (gedagte, woorde en werke) tot in murg en been.

Die Bybel skilder h.d. bedorwenheid in baie duidelike taal (Efese 4): „verdwaasdheid van gemoed, verduisterd in d. verstand, vervreemd v.d. lewe van God, onkunde... vanweë d. verharding v. hulle hart"

H.d. bedorwenheid v.d. ou mens in sy gevalle staat kom tot openbaring in:

(1) Onmag: Totaal onmagtig om iets te doen om my eie redding te bewerk:

Deur wilsinspanning kan ek dit nie bereik nie: „Want as ek die goeie wil, dan is die kwaad by my aanwesig" (Rom. 7:21); „Die vlees begeer teen d. Gees .... sodat julle nie kan doen wat julle wil nie"

Nd. ou mens kan hom nie red nie, kan sy eie skuld nie betaal nie, kan sy eie hart nie verander nie. ~~Dis geheel en~~ Nd. ou mens in ons is geheel en al onmagtig om iets goeds te bewerk.

(2) Onwil: Die ou mens in ons wil nie d. goeie nie, het geen lus tot d. doen v goeie werke nie. Dis soos 'n steeks perd – dwing altyd stroom-op. Geen begeerte om lief te hê, om te dien, om te offer nie – wil net sy eie genot, geniet, geluk

(3) Haat: Nêrens kom d. bedorwenheid v.d. ou mens so tot uiting as in d openbaring v. haat:

a) haat teen God in d. eerste plek: vervloek God – laster God, – spot met God, – verset ons teen God – kla God aan as onregverdig & liefdeloos –

Maar ons haat teen God kom nêrens so fel en venynig voor as wanneer ons God negeer – wanneer ons nie vloek of raas nie, maar eenvoudig maak of God nie bestaan nie, of Hy daar nie is nie.

(Iemand wat u goed kan u nie meer beledig as wanneer hy by u verbystap en maak of u nie bestaan nie)

→ Hoe baie leef asof God nie bestaan nie!

b) Haat teen mens: Kom tot uiting op so baie maniere:

(i) Haat sekere mense, verag hulle, verfoei hulle

(ii) Mense wat ons irriteer, ontkrap, op ons senuwees werk – haat!

(iii) Mense teenoor wie ons heeltemal onverskillig staan – hulle nood en lyding & verlorenheid raak ons net nie – haat!

(4) Verlorenheid: Geen hoop op redding nie – menslik verlore en verdoem.

→ Vr: Is dit 'n getroue beeld v.d. mensheid wat leef buite God? Is d. mens dan werklik so sleg? Wat van barbare wat tog baie goed het? ~~Antwd~~ Wat v. miljoene wat tog strewe na d. goeie?

Antwd: ① Humaniste wat nog altyd hoop op 'n tyd waar „d. betere i/d mens" sal oorwen

② Aktiviste wat sê: Salig deur d. werke

③ Opvoeders wat sê: Salig deur heropvoeding

④ Chr. Science: Dink goed – word goed.

Gods Wd. sê: Nee – Vermag geen verbetering nie. Verslegting (sy uit) Die goeie wat daar is, is te danke aan Gods algemene genade

Soos leeu in hok in dieretuin agter d. tralies: verander nie sy aard – verhinder hom net om sy verskeurende werk te doen.

Nou het God in sy genade ook tralies voor ons lewe geplaas:

- Die tralie v.d. owerheid wat wette maak & d. kwaad straf
- Die " " publ. opinie
- " " " gewete

Dit weerhou ons v.d. kwaad, maar bring nie bekering van hart! Alleen d. Gees v God kan dit bewerkstellig!